# 167 Heil’ge God ons wil U eer







Tot u troon daarbowe klim, lied gesing deur engelkore;
gerubyn en serafyn laat hul lofsang ewig hore:
*En die hemel antwoord weer:*
*Heilig, heilig, heilig Heer! (x2)*

Heil’ge Vader, Seun en Gees,noem ons U, gelyk in glorie,
tog bely ons U as een onverdeelde God, die Here:
*Voor u ligglans buig ons neer,*
*u misterie te vereer! (x2)*

Niketas van Remesiana (c.335- ná 414) Sagan (1772) /Wenen (1774)